

25 April

Skrifgedeelte: Esegïel 10:18-11:24

Fokusgedeelte: Esegïel 10:18; 11:22-23

Sonder God se teenwoordigheid is daar geen toekoms

In die verskillende visioene wat Esegïel gesien het, speel die magtige teenwoordigheid van die Here 'n besondere rol. 'n Mens sien dit in die visioene aan die begin van die boek, maar ook aan die einde – soos in Esegïel 43 waarby ons later sal kom. Die teenwoordigheid van God in die midde van Israel het dit bevestig dat hulle anders is as die ander volke van daardie tyd. Ook die tempel was gevul met God se magtige teenwoordigheid. 1 Konings 8:11 beskryf dat die magtige teenwoordigheid van die Here die tempel gevul het nadat Salomo die tempel klaar gebou het en die ark daarin gesit het. Die tempel as simbool van God se teenwoordigheid by sy volk het dus ook nie verniet 'n belangrike rol in die geskiedenis van die volk gespeel nie. In die visioen wat Esegïel gehad het, sien hy egter hoedat die magtige teenwoordigheid van die Here eers die tempel en daarna die stad Jerusalem verlaat. Dit sê baie duidelik dat God nou 'n afstand tussen Hom en sy afvallige volk geskep het. Omdat hulle God verlaat het, het die tempel sy betekenis verloor en sou dit vernietig kon word. Dit was ook die boodskap wat Jeremia by die tempel aangekondig het (Jeremia 7). Sonder God se teenwoordigheid was die volk se toekoms duister. Alleen deur Christus is God by ons, en sonder God het die mens geen toekoms nie. Daarom moet ons sy teenwoordigheid soek en by Hom en vir Hom leef.

Sing: Psalm 118:14

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)